Groot genoeg om genoeg te wees

Kolossense 1:15-23

Inleiding

- Ons het verlede week gesê dat
  - daar baie verskillende idees oor Christenskap in ons dorp is
    - streng Christen
    - kultuur Christen
    - super Christen
    - almal-het-maar-stukkie-Christen
    - Lone Ranger Christen

  - maar het uit Kolossense 1 geleer dat ons ware Christenskap kan uitken
    - aan geloofsvertroue
    - en liefde
      - wat staan op die fondasie van hoop
    - net geskep deur die regte evangelie oor Jesus reg beet te hê.
  - En groei is om op so manier as sy dissipel/appy
    - te leer en lewe en leer en lewe
    - sodat jou eerstehandse kennis oor God kan groei.

- Jesus se werk aan die kruis, en die nuus oor sy werk, is die krag wat so 'n lewe oopsluit vir my en jou (v14)
  - Waar Hy en sy afgehandelde werk oor my sonde ...my tot rus bring
  - En ek nie meer rus vir myself hoef te soek

        - In allerhande ander ekstra Christen foefies
        - of nuutste stories oor Christenskap nie

- Maar, ...is net Jesus en sy werk regtig groot genoeg om genoeg te wees
    - Vir ál my nonsens?
    - Sodat ek Hom eenvoudig net kan vertrou en ander kan liehê?

- Dis die vraag wat die volgende klomp verse uit Kolossense nou wil antwoord en waarna ons vanoggend gaan kyk...

    - Dis 'n lied van die eerste Christene oor Jesus wat hier aangehaal word en is bedoel om
        - ons breine te rek oor hoe groot ons dink Jesus is.
        - Dit wil vandag jou idee van hoe groot Jesus is oortref.
    - Sodat jy kan sien dat Hy groot genoeg is om genoeg te wees!

[Lees Kolossense 1:14-23 gaan]

Kom ons rek nou ons breine oor Jesus deur een vir een elkeen van die stellings oor Jesus bietjie uit te pak:

v15a – Die Seun is die beeld van God wat self nie gesien kan word nie

- Heel eerste word Jesus op dieselfde vlak as God geplaas.
    - Hy was nie net ‘n mens met ‘n wit rok, lang baard en slim woorde
        - wat ’n deeltydse werkie vir God gedoen het
        - waaruit jy bietjie voordeel kan trek nie.
    - Hy is hoe God sou wees as jy hom sou kon sien.
    - Die vergestalting van God self.
    - Later in vers 19 word ook gesê dat God besluit het om met ***alles*** wie Hy as God is, in Jesus te woon.

- Dis soos ’n seuntjie wat ‘n prentjie sit en teken terwyl sy ma daar verbykom.
    - Sy vra hom: “Wat teken jy?”
    - En hy antwoord: “Ek teken ’n prentjie van God”.
    - En sy sê: “Maar niemand weet presies hoe God lyk nie.”
    - En hy antwoord: “Hulle sal as ek klaar is”.

- Dís Jesus – die 100% weergawe van God:
    - Eintlik meer as ‘n prentjie oor God
    - God self wat vorm kry in mensvleis.
        - So wat Jesus kom doen het
        - Is eintlik God self wat dit gedoen het

- Maar hoe staan Jesus teenoor die skepping?

v15b – Die Seun is die eerste verhewe bo die skepping

- Hierdie uitdrukking 'die eerste' is letterlik: eersgeborene
    - Dit gaan oor Jesus se rang en gesag teenoor die skepping.

- Dink aan die eienaar van 'n groot besigheid soos Microsoft.
    - Bill Gates het dit begin, opgebou en is steeds die baas teenoor sy besigheid.
    - Niks en niemand in die besigheid het 'n groter sê as Bill Gates nie.
    - Gee nie om wat iemand in die maatskappy sê of doen nie,
        - dis Bill Gates s'n en as Bill iets wil doen... doen hy dit.

- Teenoor
    - die aardbol met sy ± 7 biljoen mense
        - wat elkeen koning van sy eie werf wil wees
    - en die heelal
        - met meer sterre as waarvoor ons name kan uitdink,
    - het Jesus die hoogste rang en posisie van gesag.
        - Hy het die eerste en die laaste sê.

- Hoekom?

- Want... sê v16,
    - alles is in die eerste plek deur Hom gemaak...
    - en vir Hom gemaak.
    - Wat alles?

    - Alles op die aarde:
        - Quarke, atome, molekules, genetika, chemie, mense, diere,
        - daardie kos wat daai sekere Christene meen jy nie mag eet nie
        - en daai hout wat in 'n masker ingekerf is wat jy kwansuis nie in jou huis mag hê nie.
        - Hy het tyd en ruimte en sterrestelsels gemaak, die sonnestelsel laat draai soos dit draai en seisoene en ritme op aarde bepaal.
        - Ook daardie dag waarop sekere Christene reken jy omtrent nie mag asem haal nie.

- ....Én... daar's meer...
    - ook als wat mens nie kan sien nie...
        - die Hemel, en geesteswêreld,
        - engele waarvoor die ouens in Kolosse gereken het jy moet bid (v).
        - Allerhande geestelike magte wat hier gelys is waarvan ons nie veel weet nie: konings, heersers, maghebbers en gesagvoerders.

- En... dit als is nie net deur Hom gemaak nie... maar vír Hom om oor Hom te praat.

    - As ek 'n prentjie teken sê ek iets oor myself deur wat ek in daardie prentjie insluit.
    - Die prentjie bestaan as gevolg van my... maar ook ter wille van my.
- Dis hoe Jesus uittroon bo die ganse alles

v17 – Voor als was Hy en deur Hom bly als

- En.... asof dit nie genoeg is nie sit v 17 nog 'n kersie op die koek...

- Voor al hierdie dinge bestaan het, het Jesus bestaan
    - en soos Hy hulle laat bestaan het,
    - hou Hy hulle ook een vir een daarna aan die gang:
        - quarke, atome, molekules, genetika, chemie, mense, diere, kos, ornamente, tyd, ruimte, sterre en sonnestelsels, seisoene en sonskyn somer dae en donderweerstorms.
        - Die hemel, engele, geeste en al die ander dinge waarvan ons so min verstaan rus als op sy skouers.
    - Amper soos die mitologiese Atlas wat die wêreld op sy skouers dra
        - Dra Jesus die kosmos
    - Sonder Jesus val die hele spul uitmekaar en disintegreer dit voor jy 'n oog kan knip.

- Jesus die Christus is baie groter en meer as wat meeste mense dink Hy is...

- en ek kan jou belowe, gee nie om hoe groot jy dink Hy is nie...
- Hy is nog groter.

v18 En Hý... Hý is die kop van die lyf, die kerk

- Kan jy dit glo...
- Hierdie onberekenbare genoegsame groot Jesus, is baas van die kerk.
  - Die kop ...van die lyf wat agter Hom aan beweeg
  - Die eienaar en oorsprong van Trinitas gemeente
  - Dissipels lewe direk uit Hom uit as bron van lewe,
    - en is deur Hom vas aan God.

- Hy het as belangrikste Een die seer en dood van die wêreld en ook Vanderbijlpark oorwin
  - Die dood, waaraan mense soveel tyd en geld spandeer om vanaf weg te snol.
  - Jesus het gewen en bo-op die rostrum gaan staan [v18].

- So het Jesus, 100% vol met God self, al hierdie sienbare en onsiebare dinge van Vanderbijlpark met God versoen.
  - Die woord 'versoen' is spesiaal.
    - Dis 'n verhouding woord.
    - 'n Regmaak woord.
  - As twee mense stry gekry het en die verhouding is stukkend, is versoening nodig.

- Versoening is as al die moeilikheid opgeruim is en daar vrede in 'n oop verhouding is. Dis reggemaak.

- Die verhouding met God is versoen
  - deur Jesus wat groot genoeg is om self met sy bloed my en jou skuld 100% te kon kanselleer...
  - sonder dat allerhande ekstras nodig is,
  - sonder dat mense se opinies en stories oor God nodig is.
    - want as die Een wat groot genoeg is om genoeg te wees
    - 'n ding reg gemaak het om reg te wees...

  - Waag jy baie as jy beweer... dis nie 100% reg nie...
    - jy moet nog 'dit' of 'dat'.

v21-23 Maak nou 'n gevolgtrekking

- Wat basies in v21-23 staan na die lied verby is, is dat:

  - As hierdie einste Hoof-Baas oor alles, Jesus,
    - Dan 100% julle skuld gekanselleer en direkte toegang gegee in 'n oop verhouding met God.
  - Is dit die evangelie/goeie nuus waarop Christene rotsvas moet staan as fondasie
    - En hulle nie laat losruk van hierdie sekerheid en vrede nie
    - Deur met allerhande dinge van die lewe te verbeel hulle gaan ekstra vrede kan losslaan.

- Die betekenis hiervan vir nie-Christene in Vanderbijlpark is:
    - Niks anders wat jy probeer vir vrede sal ooit genoeg wees om regtig genoeg te wees nie.
        - Nie jou aggressie nie
        - Nie jou manipulasie nie
        - Nie jou leuens nie
        - Nie jou diefstal nie
        - Nie jou skinder nie
        - Nie jou geweld nie
    - Maar as daar lemand is wat in rang en gesag bo als is en Hy bied homself aan as genoeg... dan is daar mos vir jou!

- En vir Christene in Vanderbijl:
    - Staan vas op hierdie vastehoop wat in julle wakker gemaak is dat Jesus groot genoeg is om genoeg te wees.
    - Moet julle nie 1cm daarvan laat weg-boelie nie.

    - Los die foefies!
        - Sekere dae, sekere kos, sekere ornamente, sekere klere, sekere rituele, sekere eetgewoontes. Sekere geestelike belewenisse, tale of toertjies. Argumente oor kerkliedjies en beker-grotes.
    - Om selfs net oor hierdie goeters te wonder steel jou sekerheid en vrymoedigheid en produktiwiteit in Jesus.

- Of jou Jesus is groot genoeg... of Hy is nie groot genoeg nie –
    - en jou tipe Christenskap sal dit verklap.
    - En eers as jy aanvaar dat Hy regtig groot genoeg is...
        - word Christenskap nie meer 'n godsdiens
            - waarin jy moet wees en goeters moet doen nie
        - dit word 'n beweging van hoop
            - wat daarop ingestel is om uit diep vrede en vreugde te lewe
            - wat vertel van die Een wat diep vrede en vreugde bring.

Slot

- Daar is verskillende tipes Christenskap
    - en verskillende weergawes van Jesus in Vanderbijl.

- Vir regte egte Christenskap
    - wat net op die evangelie staan
    - en 'n vaste lewende 1stehandse hoop in jou onvaste sukkelende hart bring,
    - is dié Jesus nodig wat groot genoeg is om genoeg te wees vir jy wat te min is.

- Hy is groter as wat jy dink...
- En as jy die tipe Christenskap het wat net op Hom staatmaak...

- ‘stick to your guns’... suig die vrede tot diep in jou longe...
- en lewe daaruit... want Jesus is groot genoeg om genoeg te wees.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
8 Maart 2015